

Geliefde Lourensrivierder

So vind ek toe mos nou laas Saterdag by die MAG (Meisies Agter God) Oggend uit ek is GEEL & ROOI....., maar ek is darem ook 'n bietjie groen en blou.... 😊

Een van die sprekers van die oggend, Suzy Lückhoff, het gepraat oor die boek van Lynette Beer oor persoonlikhede (Watter Kleur is jou Persoonlikheid). Daar is al so baie konsepte vir persoonlikheid analyses, maar ek moet sê hierdie een is heerlijk en eenvoudig uiteengesit.

Lynette Beer sê: "Nadat jy die boek gelees het, sal jy weet wat jou sterk eienskappe is wat jy kan laat geld, en wat die swakke is waaraan jy moet werk. Boonop kan dit jou lewe vergemaklik want jy sal ander mense en hulle doen en late beter verstaan. Met dié boek kan jy jou eie persoonlikheidstipe bepaal en ook dié van ander. Vind uit waar jy in die reënboog inpas – rooi, geel, blou of groen! Hoekom sien party mense die glas halfvol en ander nie? Dalk wonder jy waarom jou baas soms so ongeduldig en kort van draad is of waarom daardie kollega alles perfek wil doen. Almal se persoonlikhede verskil. Watter een van hierdie is jy:

- Gewilde Geel hou van aandag en is optimisties en gewild
- Rasende Rooi smag na beheer en is 'n doener
- Geruste Groen wil die vrede bewaar en is kalm en bedoord
- Besliste Blou streef na perfeksie en raak gou pessimisties

Jy sal ander mense regtig verstaan en elkeen se eie kleur in jou lewe verwelkom."

Jy kan die e-boek gratis kry by hierdie skakel: <http://www.voelgoed.co.za/leesfeesvirjougees/kry-jou-gratis-e-boek-watter-kleur-jou-persoonlikheid> OF kontak my, dan print ek dit vir jou.

Hoe goed ken JY jou eie en jou maat se persoonlikheid? Hier is ook 'n insiggewende gesprek wat Johnné van Huyssteen op Ontbytsake met Lynette Beer gehad het oor haar boek:

https://www.youtube.com/watch?v=Upv_llozx0I Dis al in 2016 opgeneem, maar hier is 'n skakel na haar webwerf indien jy belangstel in 'n werkswinkel of as jy meer wil weet: <https://www.seedsofinspiration.co.za/assessment>



NUUSKRUMMELS: 14 SEPTEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

MAG OGGEND:

Wat 'n heerlike tyd het ons vrouens nie beleef nie! Tyd met vriende, Tyd met familie, Tyd met ander vroue, Tyd met jouself, tyd met God!!! Dis wat hierdie oggend was!!!

As jy die foto's wil sien kan jy op ons FB gaan loer:

https://www.facebook.com/pg/OorgeeOmgeeAangee/photos/?tab=album&album_id=1959302147639907



DINAMIET KIEDZ

Ons het 'n heerlike afsluiting Sondag, 17 Sept saam met Safarigids Avon Tier! Ons gaan Woestynkos eet (dink aan Manna en Kwartels)!



LIFELINE YOUTH:

BELYDENISAFLEGGING GESPREK, Sondagaand, 17 Sept @ 17h30 met yummie Wafels & Roomys!

“VERLORE” BORDE:

Hierdie pragtige borde is nog in ons kantoor en ons weet nie aan wie dit behoort nie. Dit het agtergebly na vorige kerkfunksies.

VERSOEK:

'n Egpaar van ons gemeente is op soek na 'n 2 slk huis, tussen R6000 - R6500. Kontak: R Barrish @ 0834899482





DIVERSO TRAP VIR LIEFDADIGHEID:

Liewe Leser, op 14 & 15 Oktober 2017, neem Diverso deel aan 'n baie spesiale byeenkoms, naamlik **THE500**. Die byeenkoms word aangebied deur Distance For Difference en Patch Helderberg. Hulle wil seker maak dat hul poging 'n verskil sal maak in die lewens van kinders in nood.

Loer gerus na die 2017 bemarkingsvideo:

<https://youtu.be/AOrTNTEwUGo> en lees onderaan die Nuuskrummels meer van D4D, die hoofbegunstigde

PATCH Helderberg asook THE500. Jy kan meer uitvind oor PATCH se werk via die volgende skakel: https://youtu.be/c0pd-AFO_TI

Hulle wil vra of jy bereid sal wees iemand te borg vir hierdie poging en te help om hul doel van **R1,000,000** te bereik **OF om self deel te neem**.

Jy kan die skakel hieronder volg om te borg: <https://www.surveymonkey.com/r/2017THE500SS>

Nadat jy jou inligting via die skakel hierbo deurgegee het, kan jy voortgaan om jou borgskap te deponeer in D4D se bankrekening.

Indien jy nie internettoegang het nie, kan jy Diverso (Ettienne Botha, 021 851 0533 of 072 135 0131) laat weet met hoeveel jy wil borg en of jy 'n belastingertifikaat benodig (slegs vir borge van R500 en meer). Hulle sal jou besonderhede via die skakel aan D4D deurgee.

Bankbesonderhede:

ABSA Somerset-Wes (Takkode: 632005); Rekeningnaam: **DISTANCE 4 DIFF**

Rekeningnommer: **9217741105**; Rekeningtipe: **Spaar**

Belangrik: Maak asb. seker dat jy die volgende verwysing gebruik vir jou borgskap: **500ST28 Borg se voorletter en van, byvoorbeeld: 500ST28 T. Roux**

Alternatiewelik kan jy 'n donasie maak via SnapScan. Gebruik asseblief dieselfde verwysing soos hierbo genoem, vir SnapScan betalings. Volg die vinnige en maklike stappe:

1. Maak gebruik van jou selfoon se "App Store" om die SnapScan "App" af te laai.
2. Registreer, voeg jou kaart by en kies 'n unieke 4-syfer-pin.
3. Scan die Snap Kode (sien prentjie hieronder) en tik bedrag in wat jy wil borg
Voeg die korrekte betalingsverwysing in, **bv. 500ST28 T. Roux**
4. Kies betaal opsie



Volg gerus al die nuutste nuus via D4D se Facebookblad: <https://www.facebook.com/D4DSA>

Vriendelike groete

Diverso Span



Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

STRAND DIENSSENTRUM: OPVOERING: "MAN/MANNIN".

Hierdie woordbeeld gaan oor die saamloop dae van die Man en die Vrou vanaf:

hulle jong dae; hulle huweliksdae; hulle ouer/kind dae; hulle laaste dae!

Kom geniet met 'n lag en 'n traan, hierdie reis saam met

CAREL TRICHARDT EN PETRU WESSELS

4 OKTOBER 2017, 9h30 vir 10h00

SLEGS R60 PER PERSOON

Heerlike eetgoed sal met die tee voorsien word! Bespreek u plek vroegtydig!

Kaartjies by Strand Dienssentrum Ontvangs te koop: 021-854 4552

Hou u kaartjies vir prys trekkings!



· MORPH ·
VAN KLEUTERSKOOL
NA GROOTSKOOL

Jou kind staan op die punt om 'n metamorfose te ondergaan van kleuterskool na grootskool. Kom woon hierdie praktiese toerustingsgoed by om hierdie reis sinvol aan te pak.

21 OKT '17 09:00 - 12:00		PLEK: LAERSKOOL DE HOOP
R250 PER PERSOON	R400 PER EGFAAR	R200 PER ENKEEL OUER

Voornemende graad 1-ouers, ander ook welkom!

Aangebied deur NG Heiderberg & Spreker Drikie Atherstone,
'n Immergroen Ouerskap Konsultant

REGISTREER AANLYN BY <http://bit.ly/morph2017>
SLUITINGSDATUM: 16 OKTOBER 2017

Vir navrae kontak Lizl Botha by lizl@ngheider.co.za | 084 800 2764





The Ark / Beachcomber
Charity Golf Day





Date: Friday, 10 November 2017
Venue: Strand Golf Club
Competition: 4ball betterball Stableford
1st Tee-Off Time: 11h00 AM
Last Tee-Off Time: 13h16
Cost: R350p.p / R1 400 per 4ball
(includes half way house, evening dinner, prizes, AUCTION and Lucky draws)
*excluding golf carts, prior booking with Golf Club




CONTACT DETAILS:

Jack Mahoney -
CELL NR: 082 787-5993 *EMAIL: jackark@gmail.com * WEBSITE: www.theark.org.za
Vusi Bailey -
OFFICE : (021) 843-3927 * FAX NR: (021) 843-3013 *EMAIL: p.r.o.arkcity@gmail.com

KNIEWERK:

- ✦ Bly bid asseblief steeds vir reën en vir die boere wat swaarkry, maar bowenal, bid asseblief dat mense opreg na God draai en hul lewens daarvolgens verander.
- ✦ Kankerbehandeling: Owen Wallis; Annette Laten
- ✦ Jan Volschenk word tuis versorg. Bid asb vir genesing na bestraling
- ✦ Christine Steenberg herstel na hospitalisasie
- ✦ Direlle Geldenhuys herstel na operasie
- ✦ Ons innige meegevoel met Marie van der Spuy & familie met die heengaan van haar swaer

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

- ✦ Stanley Oosthuizen en Sannie le Roux sê baie dankie vir al die gebede.

Daar is verbetering en dit gaan goed.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 17 SEPT SE BOODSKAP: EKS 14:19-31 (VYFTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Paulus gebruik die verhaal oor Israel se deurtog deur die see as verwysing na die Christelike doop (1 Kor 10:1-2). Dit herinner ons daaraan dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan Jesus Christus ons Verlosser (Heidelbergse Kategismus vraag & antwoord 1). In die herinnering aan die doop word ons, soos Martin Luther, tot bedaring gebring. Ons kan ook, soos Luther, in onstuimige omstandighede bely: Baptizatus sum! ("Ek is gedoop!") -Communitas- Hierdie Goddelike redding van Israel het 'n baie besonderse rol gespeel in die geskiedenis van Israel en dit is ook in die NT aangehaal om eer aan God te gee vir die uitkoms wat Hy bewerk het. Hierdie gebeure het so 'n invloed op Moses gehad, dat hy selfs 'n gedig / lied daarvoor geskryf het. (Eks. 15: 1 – 19) Hierdie lied kyk nie slegs terug na die gebeure nie, dit kyk vorentoe: as God vir Israel so kon help teen die Egiptenaars, sal Hy ook vir hulle help op die pad wat hulle gaan stap in die beloofde land en sal Hy ook vir Israel help om daardie volke te oorwin. Wanneer die skrywer van die Hebreër brief oor die geloofshelde skryf, maak hy ook melding van hierdie gebeure (Hebr. 11:29). Die Here God het die hemel en aarde op sy eie geskape en Hy onderhou dit op sy eie. Na die skepping, gebruik God juis sy skepping in sy diens om sy wil te doen. Hy het die mag om op sy eie te werk, maar werk juis deur sy volgelinge. Ons dink dikwels dat wat ons vir God doen, niks beteken nie, maar wanneer God ons roep en 'n opdrag gee (en ons dit doen), dan gebruik God juis ons gewilligheid en gehoorsaamheid tot Sy eer. Laat ons nie dit wat ons vir God doen, geringskat nie – ons werke in Sy hande kan mense se lewens verander en Hom verheerlik. – Willem Botes-

'n Lewe saam met God maak jou nie immuun teen swaarkry nie, maar gee jou vrede in die middel van die storms.



24 HOUR SPINNING @

DISTANCE FOR DIFFERENCE

D4D



and presents

PATCH



24 hours : 500 kilometers : on a bike

THE 500

Phil 4:13: I can do all things through Christ who strengthens me.



Who are we? DISTANCE FOR DIFFERENCE

Distance For Difference (D4D) has been making a difference in the lives of children since 2005 and we are celebrating our 12th anniversary in 2017. We use sport to raise money for children's charities and individual children in need. For more information, please join us on Facebook at www.facebook.com/D4DSA, visit our website at www.d4dsa.co.za, e-mail us at d4d@telkomsa.net or contact us on (021) 852 4854. On **14 & 15 October 2017** we are taking hands with the wonderful people from **PATCH Helderberg** (www.patchchildabusecentre.com) and other amazing volunteers to host the bi-annual **THE500** at the **NH The Lord Charles Hotel**. Our aim is to raise **R1,000,000** for children in need of love, care and support.

What are we doing? 24 HOUR SPINNING EVENT

While very brave cyclists will push their physical and mental limits to complete one, or all ten, of the 50 km laps that makes up THE500, their base at the hotel will be filled with those that prefer the stationary version of a bicycle, i.e. spinning bikes. **Virgin Active** will again make 40 spinning bikes available as well as their very energetic and encouraging spinning instructors. They will facilitate **24 x 45 min spinning classes** through the course of the 24 hours of THE500.

We would like to challenge **corporate and social teams** to book one or more spinning bikes for the full 24 hours at **R850 per bike**. These teams must then make available team members to occupy their bikes for all 24 sessions. Each team must aim to raise **R10,000** per spinning bike via the D4D sponsorship system.

This 24 hour spinning event is a crucial part of THE500 as the vibe created by the spinners, act as a much needed energy boost and encouragement when the cyclists return from their time on the road and before starting the next lap.

Come and join in the fun and make sure that you book your team's bike without delay. Remember, there are only 40 bikes available! Check out the event's marketing video via this link: <https://youtu.be/AOrTNEwUGo>. Join us for a cup of coffee and something to eat at the events own coffee shop.



Want to get involved? REGISTER!

Follow the links below to book a 24 hour spinning bike or to get involved as a sponsor of a spinning group.
Rider registration / Spinning bike booking: <https://www.surveymonkey.com/r/2017THE500>
Register a sponsorship or support for the project: <https://www.surveymonkey.com/r/2017THE500SS>